

HOËRSKOOL P.J. OLIVIER

SPORTBELEID

Alle eerstespan afrigters saam met die skoolhoof sal 'n sportkomitee vorm om toe te sien na alle sport aangeleenthede. Alle toekennings van: Leierskap, erekleure, halfkleure en sportdrag sal deur dié komitee gemaak word. Oefentye en wedstryde sal deur hulle bepaal word aan die begin van elke seisoen en aan die einde van 'n jaar vir die volgende jaar. Die sportkomitee sal ook die drag bepaal van alle afrigters en skeidsregters.

1. VOORWOORD

Ons rig sport af om die volgende redes:

- 1.1 Leerders moet sport geniet en dit sien as deel van hulle ontwikkeling en ontspanning.
- 1.2 Leerders moet leer van vasberadenheid, selfbeheersing, spangees, konsentrasie, sportiewe houding, 'n sin van eerlikheid, regverdigheid, selfdissipline en samewerking.
- 1.3 Leerders moet liggaamlik ontwikkel deur fisieke vaardighede en koördinasie te verbeter.
- 1.4 Leerders moet die voordele van 'n gesonde leefstyl ervaar en dit volhou in hulle volwasse lewe.
- 1.5 Leerders moet vriendskapsbande smee met spanmaats en opponente.

2. ALGEMEEN

- 2.1 Elke leerder in Graad 1 tot 12 behoort een winter- en een somersport aan deel te neem.
- 2.2 Elke Intermediêre fase leerling behoort aan 'n spansport deel te neem.
- 2.3. As 'n leerder aan die begin-van die seisoen hom/haar verbind aan 'n sport mag hy/sy nie onttrek gedurende die seisoen nie.
- 2.4. Elke Graad 7-9 leerder moet 3 Eerste Span (Rugby, Netbal en Hokkie) wedstryde bywoon in totaal 9.
- 2.5. Die skool se interne sport en -aktiwiteite geniet ten alle tye voorkeur bo sportklubs van buite. Die enigste uitsondering geld wanneer daar proewe vir provinsiale spanne gehou word of wanneer 'n leerder 'n provinsiale span verteenwoordig. Die onus rus op buite sportklubs, om vooraf die skool skriftelik in kennis te stel van enige botsings. Leerders wat vir buite sportklubs deelneem kan nie verwag om hulle posisies in spanne te behou nie. Geen posisie in 'n sportspan kan gereserveer word nie.
- 2.6 Geleenthede moet geskep word vir leerders om aan alle sportsoorte (wat aangebied word) deel te neem. Geen sport mag oorheers nie.
- 2.7 Dit is nie die norm om Hoërskool Rugbywedstryde op 'n Woensdag te reël nie. Woensdae wedstryde mag nie Saterdag oorheers nie.
- 2.8. Elke sport het die reg om op gelyke voet te bestaan.
- 2.9. Daar sal 'n dinee gehou word vir alle eerste span leerlinge en ander helpers. Dit sal elke jaar 'n ander sportsoort gereël word

- 2.10. Die opvoedkundige waarde van toere moet nie onderskat word nie. Elke sportsoort behoort minstens elke derde jaar 'n toer te onderneem.
- 2.11. Om te wen is nie belangriker as om te leer en om die spel te geniet nie.
- 2.12. Daar word van afrigters verwag om hulle sportspanne te vergesel na en van wedstryde. Dit is die afrigter se verantwoordelikheid om te sorg dat sy volledige span betyds by wedstryde opdaag.
- 2.13. Die afrigter is verantwoordelik hoe leerders lyk by oefeninge en wedstryde. Afrigters moet sorg dat die skoolreëls in die verband, nagekom word. Die skool se amptelike kleure: Swart, Rooi en Wit moet gedra word.

3. OEFENINGE

- 3.1 Oefentye sal aan die begin van elke kwartaal aan alle leerders, ouers en afrigters beskikbaar gestel word. Afrigters moet hou by hulle voorgeskrewe oefentye. Alle ekstra oefentye moet gereël word buite ander sportsoorte se oefeninge.
- 3.2 Afrigters is verantwoordelik vir die bewaring, berging en herstel van toerusting en klere. Aan die einde van 'n seisoen moet die toerusting weer in die sportstoor gebêre word.
- 3.3 Alle kleredrag en toerusting bly die skool se eiendom en moet in uitsonderlike gevalle vir leerders gegee word om huis toe te neem.
- 3.4 Dit word van afrigters verwag om 'n inventaris van alle toerusting en kleredrag by te hou.
- 3.5 Elke leerder wat gereeld kom oefen, moet die kans kry om aan 'n wedstryd deel te neem, die afrigter sal besluit wanneer 'n leerder speel of nie.
- 3.6 'n Register behoort behou te word om te bepaal wie oefeninge bywoon en dus plek in die span verdien.
- 3.7 As 'n oefening net vir die span is moes daar gedurende die week 'n oefening vir almal gewees het. Die leerlinge wat nie in die span is nie, hoef nie die oefening vir die span alleen by te woon nie.
- 3.8 As 'n leerling nie by oefeninge opdaag nie, mag hy/sy nie aan die volgende wedstryd deelneem nie tensy daar geen ander beskikbare speler/speelster is nie. Spelers moet self by hulle afrigters verskoning aanteken.
- 3.9 Oefeninge moet gereël word sodat alle spelers aan die oefening deelneem. Dit is verkeerd om spelers langs die kant van die veld te laat sit.
- 3.10 Leerders wat nie die skool, weens siekte, bywoon nie, mag nie die middag aan 'n oefening deelneem nie.

4. WEDSTRYDE

- 4.1 Wedstryde is deel (nes oefeninge.) van ons opvoederstaak as onderwysers.
- 4.2 Wedstryde moet so gereël word sodat daar ten minste 50% van die totale wedstryde tuis gespeel word.
- 4.3 Afrigters moet spanne vroegtydig (48H) voor 'n wedstryd bekend maak. Ouers in die Intermediêre- en Grondslagfase behoort per brief in kennis gestel te word van hulle seun/dogter se insluiting in 'n span en haar of sy posisie.
- 4.4 'n Reserwe sal nie noodwendig elke wedstryd speel nie.

- 4.5 Leerders wat afwesig is uit die skool die dag van 'n wedstryd, in die geval van weksdae en Vrydae in geval van Saterdag, mag nie deelneem aan enige wedstryde nie.
- 4.6 Afrigters moet hulle eweknieë ontvang by aankoms en vergesel na die sportdag na die geselligheid na die tyd.
- 4.7 Afrigters moet reël vir skeidsregters en hulpskeidsregters in samewerking met die sport koördineerder. Afrigters moet verkieslik nie hulle eie spanne blaas nie en eerste spanne moet deur onpartydige skeidsregters geblaas word waar moontlik.
- 4.8 Dit is die afrigter se verantwoordelikheid om wedstryde vroegtydig te reël in samewerking met die sport koördineerder.
- 4.9 As 'n leerling vir 'n tyd nie kan deelneem nie, is hy sy plek in die span kwyt en hy moet weer bewys dat hy beter is as sy plaasvervanger.
- 4.10 Genoeg wedstryde moet gereël word sodat almal wat wil aan daardie sport kan deelneem.
- 4.11 Afrigters moet 'n register byhou waarin die leerder se volledige kontak en mediese besonderhede aangeteken is. Hierdie inligting moet ten alle tye beskikbaar wees.
- 4.12 Wanneer 'n leerder beseer word by 'n oefening of wedstryd moet die afrigter die leerder neem vir 'n ondersoek tensy sy of haar ouer teenwoordig is.
- 4.13 Geen leerder mag aan 'n wedstryd deelneem as hy of sy deur 'n mediese dokter af siek geboek is nie.
- 4.14 Die onderhoud van die sportvelde is die terreinbestuurder se verantwoordelikheid. Alle wedstryde moet vroegtydig (48H) aan hom deurgegee word, sodat die velde betyds gereed is. **Na wedstryd moet die betrokke afrigter sorg dat die toerusting weer geberg word en die terrein moet skoon gemaak word. Die werkers moet elke Saterdag na die tyd beskikbaar wees om te help. Daar behoort elke Saterdag ten minste een werker aan diens te wees.**
- 4.15 Daar moet by alle wedstryde noodhulpbeskikbaar wees. 'n Ambulans moet by groot sportdae gereël word.
- 4.16 Tydens sportdae sal daar 'n program beskikbaar gestel word aan ouers en onderwysers.
- 4.17 Geen leerder mag as 'n vlagman optree by 'n hoofwedstryd nie.
- 4.18 Leerders en ouers sal tydens wedstryde gevra word om op die pawiljoene te sit.
- 4.19 Geen toeskouer sal op die veld/baan toegelaat word tydens 'n wedstryd nie.
- 4.20 Leerders moet deelneem in hulle regte ouderdomsgroepe. Slegs met die medewete en toestemming van die skoolhoof en die senior (eerste span) afrigter asook die opponente mag in uitsonderlike gevalle dié reël verbreek word.

5. GEDRAG

- 5.1 Onderwysers se benadering tot bywoning, gedrag ens. tydens wedstryde is dieselfde as in die klaskamer.
- 5.2 Onderwysers wat onnodige laat kom by oefeninge is verkeerd.
- 5.3 Onderwysers moet 'n hoë etiese en morele standaard daarstel wat kinders sal inspireer.
- 5.4 Geen speler mag met 'n skeidsregter terugpraat nie.
- 5.5 As toeskouers, erken ons enige goeie spel wat op die veld plaasvind; ons maak nooit afbrekende of sarkastiese aanmerkings nie.
- 5.6 As die sportkomitee besluit, in oorlegpleging met die dagbestuur van die beheerliggaam, dat 'n leerder se spel op die veld die skool se naam oneer aandoen kan hulle 'n leerder vir 'n wedstryd of vir die res van die seisoen skors.

- 5.7 Geen leerder mag verbode middels gebruik of in haar of sy besit hê nie. Geen leerder mag onder die invloed van 'n dwelm middel of drank aan 'n oefening en of wedstryd deelneem nie.
- 5.8 Toeskouers mag nie enige dwelm middel en of drank op die skool terrein bring nie.
- 5.9 Toeskouers wat hulle wangedra sal gevra word om die terrein te verlaat.

6. BUITEAFRIGTERS

- 6.1 Daar mag van buiteafrigters gebruik gemaak word in die volgende gevalle:
 - A. Meerdere kennis
 - B. Geen onderwyser is beskikbaar
- 6.2 Daar sal altyd 'n onderwyser toegewys word vir 'n span ten spyte van 'n buiteafrigter.
- 6.3 Die onderwyser sal altyd die skakel en primêre afrigter bly. Die span bly die onderwyser se verantwoordelikheid.
- 6.4 Geen spanfunksies sal plaasvind sonder die onderwyser-afrigter nie.
- 6.5 **Buiteafrigters sal aan die begin van 'n seisoen deur die beheerliggaam aangestel word op aanbeveling van die sportkomitee.**
- 6.6 Elke buiteafrigter sal 'n werksbeskrywing en gedragskode ontvang.

7. ANDER

- 7.1 Sportkodes moet in die neergelegde seisoene speel en oefen. Voor seisoen oefeninge mag nie inbreuk maak op 'n binne seisoen sport oefening nie.
- 7.2 Om die sport voortdurend te ontwikkel moet afrigters gereeld klinieke en oefenskole bywoon.
- 7.3 Afrigters moet voorberei vir elke oefening en taktieke aan die dag lê by wedstryde.
- 7.4 Die Skoolhoof sal besluit of enige sport wedstryd afgestel word.
- 7.5 Spelers en hulle ouers sal aan die begin van die jaar die sportbeleid ontvang.
- 7.6 Sportkodes moet aan die begin van die sportseisoen 'n vergadering reël met ouers en spelers waarin die sportbeleid vir die spesifieke kode uiteengesit sal word.